



Verwysing: 20170914-4915  
13/15/2  
Navrae: M Combrink

Asseseringsbestuursminuut: 0019/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Bestuurders: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Bestuurders: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Samesmelting van die aanvullende Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen met die Junie Senior Sertifikaat-eksamen**

1. Die Raad vir Onderwysministers (ROM) het die samesmelting van die aanvullende Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) eksamen met die Senior Sertifikaat- (SS) eksamen met ingang van 2019 goedgekeur.
2. Dit impliseer dat graad 12-leerders, wat die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) eksamen in November 2018 skryf en sou kwalifiseer om die aanvullende eksamen in Februarie/Maart 2019 te skryf, die ekwivalent van die aanvullende eksamen in Junie 2019 sal skryf.
3. Die hoofdoel van die aanvullende eksamen is om leerders wat grensgevalle is en een of twee vakke te min het of een vak kort om toelating tot hoër onderwys of 'n spesifieke beroep te kry, 'n tweede kans te gee.
4. Die waarnemings ten opsigte van die aanvullende eksamens oor die afgelope paar jaar was soos volg:
  - (a) Die kort tydperk tussen die begin van Januarie en middel Februarie, wat leerders tot hul beskikking het om vir die aanvullende eksamen voor te berei, is nie genoeg nie en gevolglik was prestasie in die aanvullende eksamens baie swak.
  - (b) 'n Groot getal leerders – tot 50% – daag nie op om die eksamens af te lê nie. Dit lei tot baie verkwistende uitgawes, gegewe die hoeveelheid hulpbronne wat by die voorbereiding van hierdie eksamens nodig is.

5. Die voordeel van die samesmelting van die aanvullende eksamen met die Junie-eksamen is soos volg:
  - (a) Leerders sal meer tyd hê om vir die Junie-eksamen voor te berei. Dit sal beter prestasie tot gevolg hê en sal die persentasie leerders wat nie opdaag om eksamen af te lê nie, verminder.
  - (b) Die Mei/Junie Senior Sertifikaat-eksamen sal "vrye toegang" aan leerders bied aangesien daar geen beperkings ten opsigte van die aflê van die Junie-eksamen – soos met die huidige aanvullende eksamen – sal wees nie. Daarom mag leerders wat nie die vereistes in die November-eksamen nagekom het nie, asook die leerders wat geslaag het, maar hul prestasie wil verbeter, registreer om die Junie-eksamen af te lê.
6. Prinsipale word versoek om alle huidige graad 11-leerders wat in 2019 deur hierdie nuwe dispensasie geraak sal word, van die inhoud van hierdie minuut in te lig.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-10-10